# UIT DIE HOOF SE KANTOOR



Mnr. C.H. Denysschen
hoof@klofies.co.za
012 347 0277

'n Hartlike goeiedag uit die hartskamer van Klofieland!

Om positief te wees, beteken nie dat ons die werklikheid moet ontken nie. Ons staanplek is "in Christus". In Hom kan ons altyd hoopvol en positief wees omdat niks vir Hom onmoontlik is nie. Die Here kan ons duidelik lei. Só kan ons lig in 'n donker wêreld laat skyn.

Kom ons wees daardie persoon na wie ander hulle draai. Wees dáár sodat ons hulle kan bemoedig. Leer hulle om meer vreugde in die lewe te soek en raak te sien. 'n Glimlag is aansteeklik. 'n Blymoedige mens is gereed vir nuwe ervarings. So iemand vertrou en is nie bang vir verandering nie. Dan neem 'n mens verantwoordelikheid. Jy reik na ander uit om te help.

Baie dankie aan almal betrokke by aktiwiteite wat gedurende die afgelope week plaasgevind het. Baie geluk met puik prestasies en ongelooflike gees! Aan elke atleet, krieketspeler, ruiter, swemmer, gholfspeler en tennisspeler…baie dankie vir ure se harde werk en bloedsweet vir Klofies. Dit word raakgesien! Die Kloof-naam is weer hooggehou en oral het die blou, wit en geel uitgestaan. (Volledige uitslae en verslae kan verderaan in die Klets gelees word.)

Baie geluk en dankie aan me. Carli Webber en die Afrikaansdepartement met die reël en aanbied van die Afrikaansweek en die Afrikaans Interne Redenaarsfinaal. Baie geluk aan elkeen van die redenaars wat deelgeneem het. Baie geluk aan die wenners! Verderaan in die Klets is die name van die wenners.

Baie geluk en dankie aan me. Lizette Roos en haar span vir die reël en aanbied van die Merieteaand. Baie geluk aan elke leerder wat 'n toekenning ontvang het.

Sterkte aan me. Alma van der Walt en die Engelsdepartement met die *English week* wat volgende week plaasvind.

'n Geseënde week word u almal toegewens.



# AKADEMIE

## WETENSKAP EXPO: DRUPPEL GAAN LONDON TOE

Lana de Kock, ‘n graad 8-leerder, is genooi om vanaf 22 tot 28 Junie in London aan die *International Greenwich Olympiad*, met haar Wetenskap Expo-projek, *Access denied: Not human enough. An interplanetary passport for space born babies, a human right or not?*, deel te neem.

Baie geluk, Lana! Dit is ‘n reuseprestasie om op so ‘n jong ouderdom reeds aan ‘n internasionale kompetisie deel te neem.



## WETENSKAP EXPO: KLOFIES WEN SILWER BY SAYESS-KOMPETISIE

Marli Kloppers en Daleen Geyser, twee graad 11-leerders, het aan die einde van 2024 silwer by die nasionale SAYESS-kompetisie vir hulle uitmuntende Wetenskap Expo-projek behaal.

Baie geluk, julle! Hierdie prestasie is 'n groot eer, en die skool is baie trots op julle sukses!



# SAMO WISKUNDE OLIMPIADE 2025

HOËRSKOOL WATERKLOOF

## SAMO WISKUNDE OLIMPIADE

**EERSTE RONDTE:**
**Donderdag 13 Maart 2025**

**INSKRYWINGFOOI:**
**R35 op die Klofiebeursie**

**BETALINGS SLUIT 31 JANUARIE 2025**

Vir verdere inligting kan jy by die ***Teams groep*** met kode **mh8rp7c** aansluit.

**Kontak juf. Lippert in B7 vir enige ander inligting.**


ATKV Debat
ONDERWERPE VIR DIE JUNIORS EN SENIORS
JUNIORS
Voorstanders: Suid-Afrikaanse realiteitsprogramme weerspieël die werklikheid.
Teenstanders: Suid-Afrikaanse realiteitsprogramme weerspieël nie die werklikheid nie.
SENIORS
Voorstanders: Die afskaling van gedrukte media is geregverdig.
Teenstanders: Die afskaling van gedrukte media is nie geregverdig nie.
Kontakbesonderhede:
Margi de Beer
Projekorganiseerder: Jeugprojekte
Tel.: 011 919 9130
E-pos: MargiD@atkv.org.za
ATKV

# KOOR TUISKAMP 2025

Die Klofiekoor het die afgelope naweek ‘n baie suksesvolle oefennaweek in ons splinternuwe ouditorium gehad. Ons koor bestaan hierdie jaar uit 120 lede. Die leerders het ongelooflik hard gewerk, gespeel en gesing! Dit was ‘n naweek vol mooi herinneringe en harmonieë. Die nuwe koorlede voel alreeds baie tuis. Baie dankie aan mnr. Pottas, die koordirigent wat die beste uit die koor bring. Dankie ook aan me. Taute wat as organiseerder optree, me. Esmarie Labuschagne en mnr. Lourens de Jager wat mnr. Pottas se hande sterk met stemafrigting en die aanleer van nuwe musiek. Julle maak ‘n wenspan! Ons sien met groot afwagting uit na ‘n suksesvolle koorjaar!



# INTERNE REDENAARS

Baie geluk aan elke Klofie wat na die gala-aand van die Afrikaans Interne Redenaarskompetisie, wat hierdie week plaasgevind het, deurgedring het. Die gala-aand het weereens bewys dat ons Klofies vir niemand terugstaan nie en hulle woorde met selfvertroue laat spreek. Die vlak waarop die leerders redeneer, is van 'n indrukwekkende standaard. Ons is trots op elke Klofie-redenaar!

Die uitslae is as volg:

**Graad 8:**

| | |
|---|---|
| Derde plek: | Miné Erasmus |
| Tweede plek: | Denay Welgemoed |
| Eerste plek: | Christiaan Groenewald |

**Graad 9:**

| | |
|---|---|
| Derde plek: | Divan Roos |
| Tweede plek: | Reuben Brits en Jana Marx |
| Eerste plek: | Elzerie Vermaak |

**Graad 10:**

| | |
|---|---|
| Derde plek: | Mila Gous |
| Tweede plek: | Inebelle Swart |
| Eerste plek: | Hugo Louw |

**Graad 11:**

| | |
|---|---|
| Derde plek: | Ruan Groenewald |
| Tweede plek: | Aiden Thompson |
| Eerste plek: | Nika Meiring |

**Graad 12:**

| | |
|---|---|
| Derde plek: | Polina Pototskaya |
| Tweede plek: | Nicolas du Plooy |
| Eerste plek: | Kyla Roos |



**Junior wenners:**
V.l.n.r.: Christiaan Groenewald (graad 8), me. Anja Wools (Direkteur Kultuur) en Elzerie Vermaak (graad 9)



**Senior wenners:**
V.l.n.r.: Mnr. Chris Denysschen (Hoof), Hugo Louw (graad 10), Nika Meiring (graad 11) en Kyla Roos (graad 12)

# SPORT

## KRIEKETUITSLAE

| Span | Opponent | Kloof se telling | Opponente se telling | Kloof wen/verloor | Beste ... |
|---|---|---|---|---|---|
| **Eerstespan Finsbury-reeks** | Hoër Volkskool Potchefstroom | 161 vir 5 na 36.3 | 160 vir 10 na 46.4 | Wen met 5 paaltjies | Kolwers:<br>Rico van der Walt 50* |
| **Tweedespan** | St Alban's 2 | 92/3 van 15 | 55/10 na 30.4 | Wen met 7 paaltjies | Kolwer:<br>3 vir 24 in 5.4 |
| **Derdespan** | Potchefstroom Gimnasium 2 | 322/10 in 49.0 | 131/10 na 37.1 | Wen met 191 paaltjies | Kolwers:<br>Christian Huggett 116 (59)<br>Anru Nel 56 (58) |
| **o. 15A Finsbury-reeks** | Hoër Volkskool Potchefstroom | 307/5 na 50 | 102/10 na 24 | Wen met 205 lopies | Kolwers:<br>Juan Swart 145 (129) *<br>Ruvan Jansen van Vuuren 67 (88)<br>Boulers:<br>Johan Liebenberg 3 vir 32 in 10 |

| Span | Opponent | Kloof se telling | Opponente se telling | Kloof wen/verloor | Beste ... |
|---|---|---|---|---|---|
| **o. 15C** | Die Hoërskool Menlopark o. 15C | 75/4 na 15 | 76/2 na 11.3 | Verloor met 8 paaltjies | - |

## GHOLF

- Roelof Craig het derde in die *Africa Amateur*-toernooi geëindig. Hy kwalifiseer om in Engeland aan *The Amature Championship* deel te neem. Baie geluk!

- **Gauteng-Noord Juniortoernooi by Cullinan:**
  **A-afdeling:**
  Liam McKenna eindig derde.
  Nathan Lubbe eindig agtiende en Rocco Janse van Rensburg 22 ste

  **B-afdeling:**
  Alex Louw is die wenner van hierdie afdeling.
  Markus Kotze het tweede geëindig.

# RUITERKUNS

**SANESA Core-liga 1**

Amerie Swart het twee eerste plekke en ‘n tweede plek behaal.
Lané Lambrects het twee eerste plekke behaal.
Chante Nieuwoudt het een eerste plek behaal.

Isabelle Pienaar het 'n tweede plek vir WMG Q1 (25/01/2025) behaal.

# BERGFIETSRY

Divan Joubert het tiende in die o. 23-ouderdomsgroep vir die 60 km met *Jackal Dash* gekom.
Gretha wen die vroue 20 km *Jackal Dash* MTB-resies.

# ATLETIEK

***CURRO FINAL***

Hoërskool Waterkloof eindig twaalfde van 42 skole.

Beste individuele prestasies op die dag:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Hanno de Klerk | verspring | - | 7,15 m | 945 ASA punte |
| Lara van der Merwe | 1500 m | - | 4 min 30 | 902 ASA punte |
| Elandri Coetzee | 1500 m | - | 4 min 29 | 918 ASA punte |

